

31 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:2-13

Fokusgedeelte: Efesiërs 3:12

Jy leef in 'n persoonlike verhouding met God – nader met vrymoedigheid

Genade, onbeskryflik groot, het God aan ons bewys. Dit vertel Paulus aan die gelowiges in Efese. Hulle wat heidene was, kan nou deel in die wonderlike voorreg om in 'n persoonlike verhouding met die Here te leef.

Daarom geld van hulle wat van al God se kinders geld: Dié wat op die Here en sy heilswerk vertrou (wat in Hom glo), mag met sekerheid (vrymoedigheid) en volle oortuiging (vertroue) na God toe gaan. Jesus het die weg vir hulle en ook ons oopgemaak. Hy moes dit met sy liggaam aan die kruis oopbeur. Toe, met sy kruisdood, die voorhangsel in twee skeur, was dit simbolies dat ons nou in alles vrymoedig na God kan gaan.

Dit moet 'n uitwerking op ons lewe en optrede hê. Ons moet in 'n persoonlike verhouding met Hom lewe. Prakties beteken dit dat ons so optree dat dit vir almal duidelik is dat ons in sy teenwoordigheid leef en werk. Watter moeilike omstandighede die gelowige op aarde mag ondervind, die pad na God toe staan oop. Daarom kan ons, met die vertroue op Hom gestel, alle struikelblokke in die wêreld oorwin.

Dit is 'n groot troos in hierdie werklikheid van onsekerheid en lyding. Paulus is hierin 'n sprekende bewys van die werklikheid waarin gelowiges hulle dikwels bevind. Hy ly ter wille van die kerk in Efese. Hy is in die tronk. Nogtans roep hy die gelowiges op om te volhard (3:13). Lyding, swaarkry moet hulle nie moedeloos maak nie, hulle moet dit eerder as 'n eer beskou om ter wille van Christus in 'n verlore, sondige wêreld vervolgt te word.

Wat doen u en ek in moeilike omstandighede? Kla en mor ons omdat ons swaarkry? Nee, ons moet in geloof met vrymoedigheid en vertroue na God gaan. Ons moet volhard omdat ons in 'n persoonlike verhouding met Hom lewe.

Sing: Psalm 33-1:1

Dr. D (Deon) Lartz (Edenvale)